WellingtonINFO - 2014.07.04

Die volgende eposse was van Wellington en Paarl inwoners ontvang. In gevalle waar daar na misdaad of verdagte persone verwys word, is dit belangrik dat u kennis sal neem van die gebied waar dit plaasgevind het, die modus operandi van die verdagtes / misdadigers en waar dit genoem word, die tye wanneer die misdade gepleeg was. Hierdie inligting behoort u in staat te stel om behoorlike voorsorgmaatreëls te tef om te verseker dat u nie die volgende slagoffer van misdadigers word nie. Die inligting in hierdie nuusbriewe kan moontlik die indruk skep dat misdaad slegs in Wellington of Paarl gepleeg word wat beslis nie die geval is nie. Misdaad is n Nasionale probleem en enige inwoner kan 'n potensiële slagoffer wees, ongeag die dorp of woongebied waarin u bly. Dit sou egter fataal wees om die bedreiging van misdadigers te ignoreer en daarom is dit ook belangrik dat daar n kommunikasie kanaal tussen inwoners bestaan waar hierdie belangrike inligting gedeel kan word. Meer inligting tov spesifieke misdaad brandpunte deur die polisie sal binne die volgende dag of twee uitgestuur word.

1. **Huisbraak: Terugvoer tov vorige nuusbrief.**

"Wil net laat weet dat daardie Albertstraat inbraak wat by die Polisie op is, ons woonstel was, waarby ingebreek is. De Oude Kaap nr 6 Hulle het helder oordag in die straat my voordeur oopgebreek, my veiligheidshek oopgebuig en wat hul ook al kon, onder deur die hek kry gesteel. Dit lyk my hul gebruik die reëndae om sommer so oop in die straat in te breek, want dan loop niemand in die straat nie. Betsie Venter"

2. Diefstal van fietse Blackprince Straat: Normaalweg sou ek eposse van inwoners bietjie verkort om die nuusbrief so kort as moontlik te hou. Die volgende epos van Trevor bevat egter soveel belangrike inligting dat ek dit net so plaas. Let veral op na die wyse waarop die misdadigers toegang tot sy perseel verkry het. Let ook op na die tweede epos wat Trevor gestuur het, tov die misdadigers wat deur die Polisie opgespoor was. Enige persoon is welkom (en dit word ook aangemoedig) om met Trevor te skakel om 'n buurtwag / monitering stelsel in daardie omgewing te stig. Daar kan met die Polisie geskakel word om hierdie proses te fasiliteer en dit is ook belangrik om te weet dat u deel van so n "buurtwag" kan wees sonder om jouself of jou gesin ingevaar te stel.

Vir meer inligting tov buurtwagte en die funksionering daarvan, besoek gerus die webtuiste by:
http://www.wellingtoninfo.co.za/index.php/gemeenskapsprojekte/buurtwagte/

2.1 "Ek wil net graag vir julle inlig dat my 2 kinders se fietse so pas, gesteel is by Blackprince straat 28,Uitsig, Wellington!!!!!!!!!!(Dit nadat my seun se fiets n paar weke terug vannaf die parkie gesteel is in RICHTER LAAN, UITSIG, helder oor dag toe hy daar gespeel het saam met sy maats?) Terwyl die fietse "veilig" in my garage, agter my elektriese garage deure en in n elektriese hek toegesluit was?

My bediende het iets in die garage gehoor en toe n kleurling man sien staan binne in die garage, waar hy die fietse aan n ander man buite my muur oorgetel het en laat spaander het? Soos dit vir my wil voorkom het hulle die elektriese garage deur (roll up- tipe) opgebuig en toe hulle eers toegang verkry het, het hulle die elektriese motor ontkoppel deur die toutjie te trek en toe die garage deure dood eenvoudig opgeskuif en die fietse uitgedra? Ironies dat ek net met die vorige skrywe, aan WELLINGTON INFO vertel het van die LEEGLEERS wat daar rond loop, en dat daar daadwerklik iets aan gedoen moet word! Wat die polisie aanbetref, was hulle letterlik in oomblikke daar!!

BAIE DANKIE DAARVOOR, maar toe is die skelms ongelukkig reeds fort! As n baie bekommerde lid van die gemeenskap, en inwoner van n eens rustige veilige buurt, is ek werklik bereid om my mede inwoners en die algemene publiek in my area te help beskerm, en te patrolleer om ook sodoende die polisie te help met hulle onbegonne, ENORME taak!!! Ek is bereid om n voertuig van my kant af beskikbaar te stel om ons area op n daaglikse basis te patrolleer, om sodoende darem te probeer om Uitsig vir ons almal n veiliger plek te maak? Ek het nie baie ondervinding rondom die aangeleentheid nie, maar is bereid om my deel te doen, in samewerking met my direkte bure en die bure in die omgewing?

ENIGE IEMAND IS WELKOM, DIE POLISIE INGESLUIT, OM MY BY DIE ONDERSTAANDE NOMMERS TE SKAKEL sou hulle betrokke wou raak by hierdie projek? Ek kan nie vir een oomblik TOELAAT dat, misdaad en slegte leeglêers, my eens rustige buurt en dorp, waar kinders kon speel en baljaar soos hulle wou, ook nou teiken

nie? Ek voel dit is ieder en elk se plig om betrokke te raak om WELLINGTON n veiliger plek vir ons kinders en onsself te maak?

GROETE -VAN N GATVOL EN BEKOMMERDE INWONER, VAN ONS DORP!

Trevor Roux, Cell:0825550598 Tel:021-8732008, tier@netactive.co.za "

2.2 "Hallo almal, ek wil net terugvoering gee rakende die diefstal van my kinders se twee fietse te Black Prince Straat, Uitsig, WELLINGTON. Graag wil ek vir Kol. Barkhuizen en sy span van die SAP in WELLINGTON hartlik bedank vir die UITMUNTENDE, SPOEDIGE, PROFFESIONELE EN VRIENDELIKE DIENS wat ek van hulle ontvang het, en spesifiek die 3 manne wat hy aangestel het om spesifiek meer op die huisbraak sake te werk. Hierdie 3 manne, en julle weet wie julle is, is FLINK, VRIENDELIK,BAIE PROFFESIONEEL,EN MEESTE VAN ALLES ONGELOOFLIK DOELTREFFEND!!!

Die fietse is nog dieselfde aand, nadat hulle gesteel is teruggevind, en is ek persoonlik daarvan verwittig by my kantoor! Meer belangrik is dat die skurke vasgetrek is en agter tralies is!!! Hierdie manne werk in die nag en filtreer smokkelhuise en plaas hulle eie lewens op die spel, om sodoende hierdie bendes en skelms vas te trek! Nogmaals BAIE DANKIE vir julle harde, onbaatsugtelike werk en moeite.....DIT GAAN NIE ONGESIENS VERBY NIE!!

Ek is egter nog steeds bereid om betrokke te raak by gemeenskapsveiligheid in my buurt en dorp, en vra daarom ASSEBLIEF dat enigiemand wat saam met my betrokke wil raak, my skakel, of vir ATTIE laat weet, om sodoende nog meer effektief te wees in ons stryd teen misdaad in ons gemeenskap.

Weereens BAIE DANKIE aan die "3 musketeers'" en die Wellington SAP vir julle ongelooflike diens!!!!!!!!!! groete, Trevor Roux"

3. Verdagte Persoon: Terugvoer van inwoners tov verdagte persoon wat homself voordoen as 'n Eskom werknemer:

3.1 "Die "Eskom" man wat wil "werk" aan elektriese borde loop nog altyd hier rond in die dorp en het vandag probeer toegang kry by my studentehuis. Waar kan ons hom verkla? Kind regards, MARLIZE VAN SCHALKWYK"

3.2 "Kan hierdie sogenaamde Eskom werker se situasie asseblief aan die Munisipaliteit gestuur word – die persoon was ten volle "geïdentifiseer" en tog blyk dit n vals profiel te wees. Ek wil graag he dat die munisipaliteit amptenare en die Burgemeester moet kennis neem dat ons nie een van diesulkes in ons huise kan vertrou nie. Die identifikasie van hierdie persone wat die installasies in ons huise moet kom maak sal op n ander basis moet geskied. Ekself gaan weier as een van hulle weer hul opwagting hier maak. Mens kan niemand vertrou nie want hulle is uitgeslape skelms wat alles namaak en sodoende vertroue poog wen. Groete Wanda"

3.3 "Attie, ek dink dis dieselfde ou wat by my toegang wou kry om die meter te kom "tjek" vir sy nommer, en dan 'n foto daarvan te neem! Ek het hom nie eens by die hek laat inkom nie, want vir wat moet hy hul eie apparaat kom afneem! Hy was baie ergerlik, en toe ek hom sy naam vra, snou hy, "Oupa!"

4. Diefstal van selfoon: Indien u dalk iets weet van die voorval hoor ons graag van u.

"My seun Gideon - Hendrik Hugo se selfoon is gister by Hugenote Hoërskool se sportvelde gesteel, terwyl die kinders sokker gespeel het. Apple Iphone 5S Met swart en pienk Body Clove omhulsel. Dis nou om n naald in n hooimied te soek maar dalk sien of weet iemand iets! Dankie Braam Hugo"

5. Verkeer:

"Ek merk dat daar nog iemand saam met die vele kla oor die verkeersituasie in ons dorp. Ongeveer 'n week gelede kom ek uit Berg en Dal en draai links na Ceres se kant toe in Kerkstraat by die 3-rigting stop. Hoe bly word ek, 'n Golf en blouligte, iemand het gehoor gegee. Ek merk toe 'n relatief swaargelaaide bakkie wat "voorgekeer" is. Ek ry toe aan en toe ek regoor die bakkie kom, retireer die verkeersman al laggende en

waaiende vanaf die bakkie, reg voor my in, sodat ek rem moes trap anders was daar ‘n “getrefde Speed cop”. Duidelik dat die bakkie een van sy vriende was en hy maar net gesels het. Hoe help ons hierdie mense. Fanie”

6. Indien daar iemand is wat dalk meer inligting tov ondergenoemde kan gee, hoor ons graag van u.

"Ek wil net graag weet of jy dalk of iemand anders kan bevestig wat die uitsluitsel was van die verpligte warm water Kontrole wat die Munisipaliteit begin van die jaar verplig het? Kan iemand dalk help dankie JOHAN VAN DER MERWE”

7. Moontlik verlore hond gevind:

“Saterdagmiddag het daar ‘n foksterriër-kruis met ‘n lang stert hom op ons voorstoep (Tweedelaan 31) tuisgemaak en hoewel hy met gemak onder deur ons tuinhekkie uitglip, is hy steeds daar. Die DBV en polisie is in kennis gestel, maar tot dusvêr het niemand hom nog opgeëis nie. Skakel asseblief vir Daniël Brink by 083 708 1181 of 021-8732055 indien dit u hondjie is.”

8. Een en ander:

8.1 “Ons is op soek na n tuinier, Ma, Woe of Vrydae. Ons bly in Berg en dal. As enige iemand dalk hul tuinier wat nog n dag oop het na ons wil verwys sal dit welkom wees. baie dankie Louisa louisa.craig@gmail.com ”

8.2 “Ek woon in de Villiersstraat Wellington en is opsoek na n betroubare huishulp, kontak my by 0832310722”

8.3 “Tweevertrek tuinwoonstel in Uitsig te huur vir R1700 per maand. Groot swembad, patio en parkeerplek word ingesluit. Veilig en sentraal. Geskik vir enkelpersoon. Stuur epos na wowfroot@gmail.com Dankie Milan”

8.4 “Goeie dag, ek soek dringend verblyf 1slp woonstel vir my tannie en haar man hulle is pensioenarisse. Wellington of Paarl Hulle kan R2000 - R2500 bekostig. Bel haar gerus by 079 123 7531 of email my by christiena.swart@gmail.com ”

8.5 “Ek soek na n student wat kan tik maar moet ongelukkig by my kantoor kom tik en help met telefoon vir Junie vakansie. Dankie Karl, Schweidler karltha@absamail.co.za ”

……

www.WellingtonINFO.co.za